# 1. Geloofsontwikkeling

## Erediens- en musiekbediening

Hierdie diensgroep organiseer die oggend-eredienste. Kontakpersone:
André du Plessis (083 630 5231)
Gerrit Olivier (012 460 4212)
Alphonso Groenewald (084 720 8102)
Marius van Zyl (082 575 6053)

## Gebedsbediening

Ons sou graag hier 'n diensgroep wil begin wat in vennootskap met Stellastraat-gemeente opleiding en geleentheid vir meditatiewe en ander gebedsvorme kan bied. Navrae:
André van Niekerk (072 317 0408)
Nellien Crewe-Brown (082 422 6607).

## Toerustingsbediening

Ons wil graag op gereelde basis lidmate in narratiewe terapie oplei wat hulle na goeddunke kan gebruik, asook opleiding in traumabegeleding, tienergesprekvoering en wat betref uitreike na gemeenskappe wat swaarkry. Verder sal ons ook persone in tuisversorging wil oplei aangesien meer en meer mense tuis verpleeg sal moet word (sien gegewens by Seniorbediening hieronder). Kontakpersone:
Francois Wessels (082 920 0481)
Elna Rademeyer (012 460 8628)

## Bybelstudies

Daar word op verskillende tye Bybelstudies aangebied, sommige op 'n weeklikse en ander op maandelikse basis. Navrae:
André van Niekerk (072 317 0408)
Danie du Toit (083 655 4448)

# 2. Gemeente-ontwikkeling

## Wyksbediening

Ten spyte van oorweldigende getuienis uit omringende stadsgemeentes oor die onpraktiese aard en onekonomiese tydsbenutting van huisbesoek wil ons steeds graag 'n geloofsgemeenskap wees waar huisbesoek gedoen word. Ons is oortuig dat ons die beste met lidmate in hul huise kontak maak en na hulle kan omsien as ons hulle omstandigehede eerstehands beleef.

Daar word aanvaar dat nuwe maniere ingevoer sal word om met jonger lidmate kontak te bewerkstellig en gemeenskapstigting te laat plaasvind.

**Fokusgebiede**

- Leraars se besoekwerk:
  – Gemeentelede word goed ingelig dat hulle bewus kan wees dat hulle kan vra vir huisbesoek deur leraar.
  – Leraars besoek nuwe intrekkers, siekes en mense in 'n krisis.
  – Leraars doen ook wykbesoeke.
  – Leraars ontwikkel 'n besoekwyse waardeur ouer lidmate in huiswyke ook besoek kan word soos die ouer lidmate in tehuise
- Ouderlinge, diakens en wykbedieners se besoekwerk:
  – Die kerkraad maak ruimte vir persone wat nie kans sien om ouderling of diaken te wees nie maar verantwoordelikheid vir 'n wyk sal aanvaar. Ons noem diesulkes wykbedieners. Daar hoef nie 'n ouderling en diaken in elke wyk te wees nie. In die toekoms sal een persoon per wyk genoeg wees.
  – Aangesien ouderlinge, diakens en wykbedieners (almal voortaam wykbedieners genoem) se omstandighede verskil, en aangesien die behoeftes van wyk tot wyk sowel as van besoekpunt tot besoekpunt wissel, wil ons 'n soepel werkwyse volg:

1. Wykbediener reël ten minste een keer per jaar 'n wyksbyeenkoms waarna 'n leraar genooi word.
2. Die ideaal is dat wyklede so gereeld moontlik deur wykbediener besoek sal word maar ten minste een keer per jaar.
3. Die wykbediener neem omstandighede van wyklede in ag. Byvoorbeeld: Indien 'n wyklid ouer is as 70, of indien 'n wyklid kronies siek is, word die betrokke wyklid meer gereeld as ander wyklede besoek.
4. As bykomende riglyn vra ons dat 'n wykbediener alle lidmate ten minste vier keer per jaar sal kontak per telefoon of deur e-pos. Dit kom ooreen met die ou gebruik dat ouderlinge lidmate vier keer per jaar voor 'n Nagmaal besoek.
5. Wykbediener laat weet betrokke leraar indien daar 'n krisis is of indien verdere aandag benodig word.